INFORMASIETEGNOLOGIE

INFORMATION TECHNOLOGY

E-POS AAN GROOT GROEPE

Soms is dit nodig om e-pos te stuur aan eksterne studente of ander groot groepe mense wat nie deel is van die sun-domein nie. Indien jy tans Outlook verspreidingslyste gebruik, stel ons voor dat jy oorskakel na die veel vriendeliker en funksionele Sympa verspreidingslys bestuursplatform.

Die Universiteit gebruik reeds vir baie jare suksesvol Sympa as massa e-pos oplossing. Beide personeel en studente gebruik dit reeds om hulle lyste te administreer.

Sympa is e-pos verspreidingslys bestuursagteware (MLM) en het ontstaan in die akademiese rekenaargemeenskap in Frankryk. Die naam is ? akroniem vir Système de Multi-Postage Automatique (i.e. Automatic Mailing System) en beteken ook "oulik" of "vriendelik" in Frans. Ons is nie heeltemal seker hoekom die Franse besluit het om hulle e-pos verspreidingstelsel "oulik" te noem nie, maar ons kan bevestig dat dit wel "vriendelik" is om te gebruik.

Deur Sympa te gebruik vir jou groep e-posse, sal jy beter beheer hê oor jou e-posse, asook toegang tot handige funksies soos:

- *stel een of meer moderators aan;*
- *bestuur intekenings en uittekenings;*
- *skep ? gedeelde dokument webspasie vir jou intekenaars;*
- *antwoord vrae oor die lys van intekenaars en potensiële intekenaars;*
- *lees die lys-argief;*
- *soek in die boodskap-argief;*
- *hersien die lyslede.*

Soos jy kan sien, bied Sympa baie meer funksionaliteit as jou standaard Outlook verspreidingslys.

Enige personeellid of student kan Sympa gebruik - gaan bloot na https://sympa.sun.ac.za/sympa en volg die instruksies. Indien jy enige hulp nodig het met die opstelling van jou Sympa verspreidingslys, stuur asb. ? e-pos na help@sun.ac.za of skakel 808 4367.

Posted in:Kommunikasie,E-pos | Tagged:Mass Email,Sympa | With 0 comments